## Werkwoorde

Die **werkwoord** verwys na die aksie in die sin. Werkwoorde is **doen-woorde** – die woord wat die handeling of aksie aandui.

**Voorbeelde**:
- Die kind **luister** na Meneer se verduideliking.
- Hulle **gooi** die bal vir mekaar.

Die **infinitief** vorm deel van die werkwoord en begin gewoonlik met **om** en eindig met **te** en die werkwoord.

**Voorbeelde**:
- **Om te swem** is baie goeie oefening.
- **Om te leer** is nie altyd lekker nie, maar altyd die moeite werd.

1. Skryf al die werkwoorde neer.



As sy by die venster uitkyk, sien sy die verandering in die natuur. Die blare aan die groot bome verkleur, die wind beweeg die takke. Onder die bome lê 'n kleurvolle skildery van geel, bruin en oranje blare.

Die kinders wat daarbuite speel, se wangetjies gloei van die koue lug. Hulle tel die blare op en gooi dit soos konfetti in die lug. Hulle gil van plesier en jaag mekaar al om die boom.

Sy wens sy was nog 'n klein, sorgelose dogtertjie wat so lekker saam met haar maats kon speel.

a) ______________________________

b) ______________________________

c) ______________________________

d) ______________________________

e) ______________________________

f) ______________________________

g) ______________________________

h) ______________________________

i) ______________________________

j) ______________________________

k) ______________________________

l) ______________________________


© Oxford University Press Southern Africa

## Werkwoorde

Die **hulpwerkwoord** word saam met die hoofwerkwoord in 'n sin gebruik.

Hulpwerkwoorde help om die **tyd** van die werkwoord aan te dui.

**Voorbeeld**:
- Hy **het** in die klas **opgelet** en dit **het** hom baie in die toets **gehelp**. (verlede tyd)
- Juffrou **sal** die werk weer voor die eksamen **verduidelik**. (toekomende tyd)

Hulpwerkwoorde van **wyse** dui 'n moontlikheid of houding aan.

**Voorbeeld**: Susan **mag** dalk die partytjie **bywoon**. (kan, wou, moes)

Hulpwerkwoorde van **vorm** help om die lydende vorm aan te dui.

**Voorbeeld**: Die brief **word** deur hom gelees.

2. Onderstreep elke keer die hulpwerkwoord in die sin en dui aan watter soort hulpwerkwoord dit is.
   a) Jenny kan maar vanaand by julle oorslaap. ____________________
   b) Die onderwyser sal raas as jou huiswerk nie klaar is nie.
   ______________________________
   c) Julle moes die muis gister gevang het. ______________________
   d) Die seuns het net 'n grap gemaak. ________________________
   e) Ek wou so graag gaan, maar ek was te laat. ____________________

3. Gebruik 'n hulpwerkwoord om die sin in die verlede tyd oor te skryf.
   Die kinders gil van plesier terwyl hulle op die waterglybaan speel.

   ______________________________________________________________

   ______________________________________________________________

   ______________________________________________________________

© Oxford University Press Southern Africa